

Gereformeerde Kerk Bellville – 8 Oktober 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 86:1, 3 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.
- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smee.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 118:1, 8 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde^{en} smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Gebed

Psalm 103:5, 6 (p. 505)

- 5 Hy sal nie altoos twis teen ons ontrou nie / of ewiglik die toorn teen ons behou nie,
want wie kan dra Gods eewge gramskap – wie? / Hy sal met ons nie na ons sondes handel,
ons nie vergeld die boosheid van ons wandel; / Hy straf ons, maar na al ons sondes nie.
- 6 Soos hoog bo ons verrys die hemelboë, / so sal sy guns, uit eewge mededoë
geweldig hoog bo al sy kinders staan. / En soos die oosterkim se helder glanse
ver weg is van die kwynende^{en}awendtranse, / so ver het Hy ons sondes weggedaan.

Skriflesing: Psalm 103; Heidelbergse Kategismus, Sondag 21:56

Kernvers: Psalm 103:10-12

Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregthede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. (Psalm 103:10-12 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van sondes?

Antwoord: Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry (a), nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk (b) sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie (c).

(a) 1 Joh 2:2; 1:7; 2 Kor 5:19. (b) Rom 7:23-25; Jer 31:34; Miga 7:19; Ps 103:3, 10, 12. (c) Joh 3:18; 5:24.

Tema: Deur bloed van Christus skoon gewas

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die gelowige het die voorreg gehad om vir die vraagsteller breedvoerig te vertel wat hy glo. Vanuit die Woord het hy nou al nege van die twaalf artikels van sy Geloofsbelydenis belig en verduidelik. Die vraagsteller het 'n klomp vrae gehad en met die wysheid van die Heilige Gees kon die gelowige elkeen van hierdie vrae beantwoord. Daar is nog drie artikels wat oorbly. Hierdie drie artikels handel oor die vergifnis van sonde, die opstanding van die liggaam en die ewige lewe. Vanaand se gesprek handel oor die vergifnis van sonde.

Die vraagsteller het deur al die gesprekke heen 'n begrip gekry van wat sonde is. Hy verstaan dat dit sonde is om ongehoorsaam teenoor die Here te wees en om Hom nie te glo nie. Maar om te vergewe is iets wat hy nog nie mooi begryp nie. Hy het immers grootgeword met die gedagte as iemand iets teen jou doen, kan jy dit nie maar net daar los nie. Die een wat iets teen jou verkeerd gedoen het, moet teruggekry word. As hy jou seergemaak het, moet jy hom terug seermaak.

Om te vergewe beteken vir die vraagsteller dat jy dit wat verkeerd teen jou gedoen is maar net laat gaan en daarvan vergeet. En dit kan 'n mens mos nie sommer net so regkry nie. 'n Mens kan miskien sover kom om nie iets terug te doen aan die een wat verkeerd teen jou gedoen het nie. Maar om te vergeet – vir die vraagsteller is onmoontlik om te vergeet.

Die gelowige bely tog dat hy aan die vergewing van sondes glo. Daarom wil die vraagsteller by die gelowige weet: **Wat glo jy van die vergewing van sondes?** Hoe is dit enig-sins vir God moontlik om mense se sondes te vergewe? God is mos heilig en volmaak en regverdig. 'n Mens kan mos nie teen die Here iets verkeerd doen en dink dat Hy dit maar net moet vergeet asof daar niks gebeur het nie. Op grond van hierdie redenasie vra die vraagsteller: Hoekom sal God mense se sondes vergewe, wat is die doel van die vergifnis van sondes en wat beteken dit vir jou as jy weet God het jou sondes vergewe?

Die vraagsteller is heeltemal reg wanneer hy sê dat 'n mens nie iets verkeerd teen God kan doen en dink jy gaan daarmee wegkom asof niks gebeur het nie. Sonde is tog in die eerste plek iets wat jy verkeerd teen die Here doen. En die gevolge van die sonde is verskriklik. In Genesis 3 lees ons die eerste maal in die Bybel van sonde. Die woord *sonde* kom nie in daardie hoofstuk voor nie, maar die begrip van wat sonde is kom daar voor. Die Here het aan die mens 'n vergunning en 'n bevel gegee:

En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.
(Genesis 2:16-17 AFR53)

Op die oog af sal ons kan sê dat sonde ongehoorsaamheid is omdat Adam en Eva nie gedoen het wat die Here hulle beveel het nie. In plaas daarvan om hulle te weerhou van die boom in die middel van die tuin het hulle tog op aandrang van die Satan daarvan ge-eet. Maar uit die optrede van Adam en Eva kan 'n mens ook aflei dat hulle die bevel van die Here oortree het. Die Here het 'n grens gestel en die mens het na aanleiding van die Satan se praatjies besluit hy wil buite die grens gaan wandel. Die mens en sy vrou het oortree. Dit is hoe Dawid die sonde in ons psalm noem – *oortredinge*.

Dawid praat in ons psalm ook van ongeregtheid. Die woord wat ons vertaal met *ongeregtheid* of *sonde* kan ook beteken om iets af te breek of te vernietig. Dit is wat inderdaad by die sondeval gebeur het. Tussen God en die mens was daar 'n volmaakte verhouding van

liefde en trou. Die Here vertrou die mens – Hy het geweet wat Hy van die mens kan verwag, want die mens is volmaak geskep na die beeld van God. Die Here het sy hele skepping aan die hande van die mens toevertrou – die mens moet oor alles heers wat God geskep het. Maar deur die sonde word die vertrouwe verbreek, die verhouding met God word verskeur. Die mens se sonde is vir homself so erg dat hulle nie eers meer volmaakte vertrouwe in die Here het nie. Toe hulle die Here se stem in die tuin hoor, het hulle weggekrui, want hulle was bang vir die Here.

Die mens het met sy sonde alles wat mooi en goed en heel was, verongeluk. Alles raak skeefgetrek en stukkend. Die mens se eie lewe word 'n puinhoop. En dit raak al erger. Onthou jy, vra die gelowige, jy het in 'n stadium gevra of ek God en my naaste ten volle kan liefhê. Tot my eie skaamte, sê die gelowige, moes ek erken dat ek soos alle sondaars van nature geneig is om God en my naaste te haat.

Sonde slaan dus alles stukkend wat God mooi en goed geskep het. En om dit in eenvoudige taal te sê, met elke sonde wat ons doen, sê ons vir die Here ons haat Hom. Die sonde is in werklikheid 'n vernietigende krag, wat nie net afbreek nie, maar ook doodmaak. Die mens is as gevolg van sy sonde geestelik dood en dit loop mettertyd uit op die liggaamlike dood en vir die onbekeerdes op die ewige dood.

Wanneer 'n mens die sonde en die effek van die sonde so beskryf, is dit hard en lelik. En dit is goed as hierdie beskrywing van sonde vir 'n mens hard en lelik klink. Dit is immers deur die werk van die Heilige Gees met die Woord wat 'n mens die gevoel van afsku kry van die sonde. Daarom is gelowiges dankbaar dat die Here sy wet aan hulle gegee het sodat hulle aanhoudend herinner kan word aan wat sonde werklik is. Hoe sou iemand tog geweet het sy gesig is vuil as hy nie 'n spieël gehad het om sy vuil gesig te sien nie? Paulus sê mos:

Ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.
(Romeine 7:7 AFR53)

Die Heilige Gees hou egter nie net die wet aan ons voor nie. Hy hou die hele openbaring van God op skrif aan ons voor, ook die evangelie van Jesus Christus. Ons wat vanaand hier bymekaar is, het die voorreg om al van kleins af te weet wie Jesus Christus is en wat Hy gedoen het. Hierdie kennis oor Jesus Christus is al so deel van ons lewensraamwerk gemaak dat ons nie anders kan nie as om sekere woorde en begrippe in verband met Christus se werk te bring.

Byvoorbeeld, Dawid skryf hier dat ons lewe van die verderf verlos word (Ps 103:4). Die woord *verlos* laat 'n mens bykans onmiddellik aan Jesus dink. Jesus is die Naam waarmee Maria en Josef die Kind wat uit Maria gebore sou word, moes noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos, het 'n engel van die Here aan Josef gesê (Matt 1:21). En wanneer 'n mens eers oor die verlossingswerk van Jesus Christus begin nadink en praat, oorspoel die Heilige Gees ons gedagtes met alles wat Jesus gedoen en gesê het in verband met die verlossing van mense. Die Gees herinner ons aan al die verwysings wat Jesus in sy gesprekke met die mense gemaak het na sy eie dood en opstanding. Ons dink aan al die lyding en smart wat Hy onskuldig verduur het. Uiteindelik het dit daarop uitgeloop dat Hy op grond van allerhande valse beskuldigings ter dood veroordeel is. En dit alles was God se plan om mense wat in die mag van die sonde vasgevang is te verlos van hulle sonde.

Nou moet 'n mens raaksien dat die Heilige Gees nie twee los stukke aan ons voorhou nie. Hy hou nie eers die wet en dan die evangelie aan ons voor sodat ons tussen die twee

moet kies nie. In elk geval sou die mens nie een van die twee kies as dit aan die mens oorgelaat was nie. Of, as daar dan aangehou is dat die mens tog moet kies, sou die mees- te seker na die evangelie wou gryp, want dit is dan so mooi teenoor die hardheid van die wet. Nee, die Here het nooit bedoel om sy Woord so uitmekaar te skeur nie. Wet en evan- gelie staan nie teenoor mekaar nie, hulle vorm saam 'n eenheid.

Wanneer jy by die wet begin, laat die Heilige Gees jou nie net besef hoe vuil jou gesig is nie, Hy laat jou ook misrabel voel. Jy kan nie die wet volmaak gehoorsaam nie. Jy kan nie God of jou naaste ten volle liefhê nie. En met hierdie mistroostige gevoel lei die Gees jou – nee, dryf die Gees jou na Christus toe. Kom jy by Christus sien jy weer hoe volmaak Hy die wet van sy Vader doen. Hy sê selfs dat om die wet van die Here te doen sy kos is. Dan laat die Gees jou besef: Maar wat mense nie kon doen nie, dit het Christus gedoen. En Hy het dit vir mense gedoen.

Maar Jesus Christus het nie net die wet vir ons volmaak gedoen nie. Hy is nie maar net 'n goeie voorbeeld wat mense met hulle powere pogings moet navolg nie. Hy het mense ook van hulle onvolmaaktheid kom verlos. Hy het sy lewe afgelê omdat die dood die uit- einde vir die mense was wat hulleself in die ellende gestort het. Hy het met sy sterwe en opstanding 'n wending in die lewe van mense aangebring sodat hulle nie meer sterf nie maar ewig kan lewe.

Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou on- geregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel ver- sadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.

(Psalm 103:2-5 AFR53)

Die Here is inderdaad barmhartig en genadig, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Die Here het in al sy regverdigheid nie met mense gehandel ooreenkomstig die misdade wat hulle teen Hom gepleeg het nie. Hy doen die onverklaarbare. Op grond van sy Seun se sterwe en opstanding vergewe Hy die mens se sonde. Hoor hoe bely die gelowige: God vergewe nie net die misdade, die werklike sondige dae, woorde en gedagtes nie. Hy gaan veel verder, Hy vergewe ook die gelowige se sondige geaardheid. Hy vergewe hulle dat hulle die natuurlike geaardheid het om Hom en hulle naaste te haat.

Mense sal miskien nog sover gaan om iemand se verkeerde optrede en woorde teen hulle te vergewe. En dit gebeur ook, maar eers na 'n lang gesukkel, omdat die Here so aanhou met gelowiges om hulle naaste te vergewe. Maar as ek die ander mens se verkeerde woorde en optrede vergewe het, beteken dit nog nie dat ek van hom gaan hou nie, want sy karakter stuit my teen die bors. Ja, ons gee ons woorde so 'n mooi kleurtjie. Ons haat nie die ander mense nie, sê ons, maar ek hou net nie van hom nie, want sy natuurlike ge- aardheid sit my af. Die Here vergewe gelowiges ook vir daardie swak karakter wat van nature die verkeerde en bese dinge doen, sê en dink.

Luister hoe groot is die Here se genade nog oor die mense vir wie Jesus Christus gesterf het. God vergewe nie net hulle sonde en sondige aard nie, Hy vergeet ook daarvan. Hy **wil nooit meer daaraan dink nie.**

So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oor- tredinge van ons. (Psalm 103:12 AFR53)

Het u al gedink hoe ver die ooste van die weste af verwyderd is. Hulle is oneindig ver van mekaar, want al reis jy tot in lengte van dae oos of wes, sal jy nooit die punt bereik waar jy

kan sê: Hier is oos of hier is wes, nie. So onmoontlik as wat dit is om by die punt van die reënboog uit te kom, so onmoontlik is dit om by oos of wes te kom. So onmoontlik is dit dat die Here weer aan ons sonde en sondige aard wat Hy vergewe het, sal wil dink.

As die Here van gelowiges se sonde en sondige aard vergeet, vergeet Hy hulle nie. Die gelowige bely: ***Uit genade wil Hy ook aan ons die geregtigheid van Christus skenk.*** Die begrip *geregtigheid* beteken meer as net reg doen. Christus het in al sy woorde en dade reg en regverdig opgetree. Niemand is ooit deur Hom onregverdig behandel nie. Christus is ook voor die allerhoogste gereg reg en regverdig. Die woord *gereg* laat 'n mens dink aan 'n hof. En die allerhoogste gereg, is God self. Hy is volmaak reg en goed. Christus se hele lewe as ware mens is voor die oë van God sy Vader volmaak reg en goed. Hy het geregtigheid voor die Here God.

Uit genade gee God dan ook aan sy gelowiges hierdie volmaakte geregtigheid van Christus. Hy vergewe en vergeet hulle sonde en behandel hulle soos mense wat nog nooit enige sonde gedoen of gehad het nie (Heidelbergse Kategismus, Sondag 23:60). Omdat die Heilige Gees 'n gelowige deur die ware geloof in Christus ingelyf het en hom laat deel kry aan die volmaakte werk van Christus, sien God die gelowige aan, nie in sy sonde nie, maar as 'n mens wat volmaak reg en goed lewe soos Christus.

En die uiteindelijke doel van die Here met hierdie genadedaad aan die mens is sodat die gelowige ***nooit in die strafgerig van God sal kom nie.*** Omdat God die gelowige vergewe het, sal hy nooit veroordeel word nie. Ook op die laaste dag wanneer Christus as Regter terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel, sal gelowiges nie hoef te vrees nie. Christus is klaar in hulle plek veroordeel. Hy het die straf op die sonde gedra en weggedra. Daarom sal hulle nooit in die strafgerig van God kom nie. Inteendeel, op daardie laaste dag sal die gelowiges hoor: Kom in, my kinders, kom in die koninkryk van God in, want dit is van ewigheid af vir julle bestem (Matt 25:34). Julle is onskuldig. Silwerskoon gewas met die bloed van Jesus Christus.

Broers, susters en kinders, elkeen wat weet dat Jesus Christus vir sondaars gesterf en opgestaan het, en ook vertrou dat Christus dit nie net vir ander nie maar ook vir hom en haar gedoen het, is deur die Heilige Gees in Christus ingebind. So 'n mens kan verseker weet dat hy en sy 'n kind van die Here God is. Wanneer ons wat so 'n ware geloof het, bely dat ons aan die vergewing van sondes glo, sê ons wat die Here self bekend maak aangaande die vergewing van sondes.

Omdat die Here sê dat Hy sy kinders se sondes vergewe en vergeet en na hulle kyk asof hulle nooit gesondig het nie, kan ons getroos lewe en sterwe. Vir elkeen van ons wat waarlik in Christus glo, het die Here hierdie troos bedoel. Daarom kan ons verseker weet dat wanneer ons opreg en eerlik ons sondes voor die Here bekend maak en berouvol om vergifnis smeek, gee Hy dit vir ons. Hy vergewe en vergeet daardie sonde, Hy dink nooit meer daaraan nie. En Hy behandel jou verder asof jy nooit daardie sonde gedoen het nie. Mag die Heilige Gees hierdie troos van God aan elkeen van ons se harte beseël met die geloof in Christus Jesus. En mag die Heilige Gees ons dan op grond van hierdie vergifnis so lei dat ons ook ander mense hulle sondes teen ons sal vergewe en vergeet.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 10-1:3, 4 (Sb 28) Tweede melodie Psalm 50

- 3 Gee ons – want ons gebrek is groot – / vandag ons daelikse brood.
Bewys ons tog barmhartigheid / en skeld ons, Heer, ons skulde kwyt,
soos ons, in skuldvergifenis, / vir hul wat aan ons skuldig is.
- 4 Lei ons nie in die donker land, / die wêreld van versoeking, want
ons is so swak. Verlos ons van / die Boseⁿas hy sy vangnet span.
Want U kom toe die majesteit / en krag en eer in ewigheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
8 Oktober 2017